# Selfliefde: 'n Skrifondersoek met die oog op die omlyning van basisteoretiese perspektiewe vir die pastoraat

S.F. Kruger en C.J.H. Venter
Departement Diakoniologie en Missiologie
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

**Self-love: a Scriptural survey with a view of identifying basic-theoretical perspectives for pastoral ministry**

*This article deals with the pastoral problem of self-love as a destructive force within the individual himself as well as in interpersonal relations. The biblical concept of self-love is investigated in order to formulate an answer to the humanistic idea of self-love as an authoritative instruction. The investigation of these data indicates that self-love implies a limited criterion for the justification of neighbourly love. The main focus and purpose of self-love should be its instrumentality in promoting proper neighbourly love. In conclusion, guidelines are suggested for the pastoral implementation of self-love (either in the called pastor or in the pastoral object itself).*

## 1. Inleiding

In 1988 is 'n *Regional Self-Esteem Conference* in Arizona, VSA gehou waartydens een van die sprekers selfliefde as 'n noodsaaklike voorwaarde vir liefde tot God en die naaste gestel het (cf. Scipione, 1989:35). Populêre skrywers soos Trobisch (1976:9) en Hoekema (1979:15) vind 'n opdrag tot selfliefde in die Skrif en gee sodoende 'n normatiewe karakter daaraan.

Hierteenoor beskou ander skrywers selfliefde en selfsug as die grootste ontwrigtende krag in die wêreld (Lloyd-Jones, 1975:211), as die sentrale patroon onderliggend aan alle huweliksprobleme (Adams, 1983:45) en as 'n sonde wat 'n disintegrasieproses van onwil, weerstand en onversoenbaarheid ontketen (Louw, 1989:143).

Die aktualiteit van die onderwerp trek enersyds saam in die feit van 'n diversiteit in die verstaan en gebruik van selfliefde: selfliefde word gesien as norm én as sonde; andersyds word selfliefde gesien as waarskynlik die vernaamste rolspeler binne die volle spektrum van verhoudingsafbrekende kragte.

Die vraagstelling is gevolglik: het selfliefde volgens die Skrif 'n normatiewe karakter en hoe behoort selfliefde pastoraal gehanteer te word?

Die doelstelling van hierdie artikel is om selfliefde prinsipieel te omlyn en in 'n antropologiese basisteorie (of onderdeel daarvan) te verwoord. Hierdie basisteorie behoort pastoraal bruikbaar te wees vir die onderkenning en remediëring van selfliefde met die oog op grondige lewensvernuwing.

Selfliefde word eerstens vanuit Matteus 22:39 belig as neutrale gegewe en daarna vanuit 2 Timoteus 3:2 as veroordeelbare sonde of narsissisme. Dit is die enigste Skrifgedeeltes wat direk oor selfliefde handel, behalwe gedeeltes wat as parallelle gedeeltes beskou kan word, naamlik Levitikus 19:18, Matteus 19:19, Markus 12:31, Lukas 10:27, Romeine 13:9, Galasiërs 5:14, Efesiërs 5:29 en Jakobus 2:8.

## 2. Selfliefde in Matteus 22:39

In hierdie Skrifvers word die werkwoord *agapáo* wederkerend gebruik in die sin van *om jouself lief te hê*.

### 2.1 Die engere verband

Die volgende word aanvaar in verband met die konteks van hierdie Skrifvers:

Matteus 22:39 is 'n deel van 'n antwoord van Jesus op 'n vraag van die Fariseërs wat as 'n strikvraag bedoel is. Hulle oogmerk met hierdie vraag was om Jesus uit te lok om te dwaal deur sekere gebooie belangriker as sommige en ander noodwendig minder belangrik te noem. Dit word aanvaar dat Jesus geweet het van hierdie motief agter die vraag en dat die antwoord wat Hy gee nie net 'n tegniese antwoord is nie, maar ook 'n beantwoording van die verkeerde motief agter die vraag. Daarby word aanvaar dat dit ook 'n antwoord is op die koue, onpersoonlike en wettiese manier waarop die Fariseërs gelewe het.

In Jesus se antwoord gebied Hy volkome liefde tot God en medemens in twee gelyke gebooie. Die tweede gebod word hier gekwalifiseer met die byvoeging "... soos (jy) jouself (liefhet)."

Hierdie byvoeging word verder aan in hierdie artikel *selfliefde* genoem en word vervolgens binne sy konteks ondersoek.

### 2.2 Op watter wyse is selfliefde 'n kriterium?

Volgens Trobisch (1976:9) is selfliefde in Matteus 22:39 'n kriterium vir naasteliefde terwyl Adams (1986:70) stel dat die kriterium en grond van naasteliefde nie in die self te vind is nie. Daar kan aanvaar word dat die begrip

*kriterium* deur hierdie onderskeie skrywers nie op dieselfde wyse gebruik word nie.

Die onmiddellike vraag is nou: Indien selfliefde in hierdie Skrifplaas as 'n kriterium vir naasteliefde bedoel is, *hoe* (op watter wyse en met watter beperkinge) word dit as kriterium gebruik? Aan hierdie aspek word vervolgens aandag gegee.

'n Kriterium is 'n *waardemeter* om deur middel van ooreenstemming 'n handeling te meet of te beskryf. Indien selfliefde in Matteus 22:39 bedoel is as 'n kriterium van naasteliefde kan dit hoogstens 'n beperkte kriterium wees. 'n Kriterium kan naamlik by wyse van ooreenstemming die volgende in verband met naasteliefde beskryf:

* Die feit (die *dat*) van die handeling.

* Die wyse waarop dit plaasvind (die *hoe* van die handeling). Laasgenoemde kan twee aspekte bevat, naamlik intensiteit en motief (of objek van bevoordeling).

Heyns (1982:250) stel dat selfliefde in Matteus 22:39 'n kriterium van die *dat* (*factus*) van naasteliefde is en nie van die *hoe* (*modus*) nie: *Selfliefde manifesteer in sy faktiwiteit, eerder as sy normatiwiteit.* Saam met Heyns word aanvaar dat selfliefde 'n kriterium van die *dat* van naasteliefde is. Dit is egter nie duidelik wat Heyns onder die *hoe* verstaan nie – waarskynlik alleen die motief (bedoeling of objek van bevoordeling) in welke geval dit duidelik is dat selfliefde nie in daardie sin 'n kriterium kan wees nie. Hierby behoort egter in gedagte gehou te word dat die *hoe* van naasteliefde ook die aspek van intensiteit kan bevat, soos hierbo gestel is.

Piper (1977:9) omskryf Jesus se woorde aan die Fariseërs in Matteus 22:39 soos volg om aan te toon dat selfliefde wel 'n kriterium is wat 'n intensiteits-ooreenstemming met naasteliefde aandui: "Take note of how much you love youself, how you try to get the best place in the synagogue ... Now my command to you is: take all that zeal, all that ingenuity, all that perseverence and with it seek your neighbor's well-being." Hy voeg by: "Selfseeking is made the measure of our self-giving." Bettler (1984:49) sluit hierby aan met die volgende parafrase: "You shall seek the good of your neighbor just as you naturally seek your own good." Adams (1978:208) sê: "The stress ... is upon the intensity and devotedness of love rather than upon the identity or similarity of action". Met "identity or similarity of action" bedoel Adams waarskynlik die persoon van bevoordeling of die rigting van die liefdeshandeling.

Daarom kan samevattend gestel word dat selfliefde in Matteus 22:39 bedoel is as kriterium wat by wyse van ooreenstemming tussen selfliefde en naasteliefde die *dat* van naasteliefde beklemtoon. Verder is selfliefde 'n beperkte kriterium van die *hoe* van naasteliefde in die sin dat dit die intensiteit van naasteliefde uitdruk maar nooit die motief of persoon van bevoordeling nie. Die liefdesvoorbeeld van Christus sou 'n volledige kriterium wees (1 Joh. 3:16-18).

In die lig van hierdie gevolgtrekking word vervolgens uitgebrei op selfliefde as kriterium van intensiteit.

## 2.3 Selfliefde as kriterium van intensiteit

In hierdie opsig is die vraag: op watter wyse word intensiteit deur middel van hierdie kriterium beskryf?

Wat hierdie aspek betref, behoort die volgende in gedagte gehou te word:

* Met hierdie aanhaling uit Levitikus 19:18 reageer Jesus teen Joodse wettisisme.
* Joodse wettisisme het 'n koue en onpersoonlike aard.
* Die Joodse naastebeskouing bevat 'n sterk eksklusiewe en antitetiese aard: my staanplek is *teenoor* jou; ons staan nie aan dieselfde kant nie; ons staan nie op dieselfde vlak nie; wat ek vir myself opeis, kan nie ook vir jou geld nie.

In die lig van bogenoemde verbandhoudende aspekte, word die volgende gestel:

Met die byvoeging ... "soos jouself" (spesifiek die *soos*) in Matteus 22:39 stel Jesus die *self* en die *naaste* op dieselfde vlak. Hierdeur word die (Joodse) naastebeskouing, wat 'n antitese tussen *ek* en die *ander* bevat, afgewys: *my* staanplek is nie meer teenoor *jou* nie, maar *ek* staan nou aan *jou* kant. Dieselfde liefde wat *ek* vir *myself* het, het ek ook vir *jou*. (Dieselfde vind ons by Paulus ten opsigte van die huweliksverhouding in Ef. 5:28, 29.) In die lig hiervan word die volgende nadere bepaling van selfliefde as kriterium van intensiteit gebied:

- Om jouself lief te hê beteken dat die subjek en objek van die liefdeshandeling saamval. Sodoende beklemtoon selfliefde die sterk eenheid tussen subjek en objek. Die gedagte om jouself lief te hê word deur Jesus gebruik om 'n ooreenstemming met naasteliefde aan te dui: naasteliefde kan nie geskied binne 'n verhouding waar daar afstand (of 'n antitese) bestaan nie, maar slegs binne 'n verhouding wat 'n sterk eenheidsbinding bevat.

Selfliefde dien dus in hierdie Skrifgedeelte as kriterium van intensiteit om die eenheid in die liefdesverhouding aan te dui en enige antitese af te wys.

## 2.4 Is selfliefde in Matteus 22:39 normatief?

Selfliefde is nie normatief in die sin dat dit norm of gedragsriglyn of primêre determinant vir gedrag word nie. Alhoewel dit 'n beperkte kriterium genoem kan word, val die klem eerder op die instrumentele funksie van selfliefde as die waardemetende funksie. As kriterium bepaal selfliefde die feit en intensiteit van naasteliefde, maar nie die motief nie, terwyl Christus se liefde alle dimensies van naasteliefde bepaal.

Selfliefde is ook nie normatief in die sin dat dit

* die opdrag tot naasteliefde bevat nie,
* of dat dit dwing en dryf tot naasteliefde nie,
* of dat dit die rede tot gehoorsaamheid bevat nie. Die goddelike opdrag in die Skrif is in hierdie sin normatief.

Die voorkoms van selfliefde in Matteus 22:39 gee nie sanksie tot self-gepreokkupeerdheid nie. In die Skrif word 'n gepreokkupeerdheid met die self nie as norm of ideaal gestel nie. Omdat die fokuspunt in Matteus 22:37-40 liefde tot God en die naaste is, en geensins selfliefde nie, gebeur dit dat namate liefde tot God in gelowiges se lewe gestalte kry, hulle nie begaan is oor selfliefde nie, en daarom word selfliefde irrelevant.

Selfliefde behoort in hierdie Skrifgedeelte as 'n veronderstelde feit gesien te word – 'n gegewe wat alreeds gerealiseer het en wat bestaan (vgl. Adams, 1986:69) en waarby Jesus aansluit om die redes soos hierbo gestel is. Van Wyk (1983:28) sê die volgende na aanleiding van Calvyn se standpunt oor selfliefde: "Van 'n gebod van selfliefde wou Calvyn niks weet nie, 'n standpunt wat myns insiens vandag al meer en meer veld wen. Selfliefde is immers natuurlik (Ef. 5:29) maar eers naasteliefde is Christelik."

Jesus gee aan die feit van selfliefde nie 'n positiewe of negatiewe karakter nie. Hy evalueer dit nie, aangesien selfliefde nie die fokuspunt is nie. Daarom kan vanuit Matteus 22:39 (of Ef. 5:28, 29) nie 'n Bybelse beoordeling van selfliefde afgelei word nie. Selfliefde in hierdie Skirfgedeelte dra dus geen normatiewe karakter nie: normatief in die sin dat dit met gesag gebied word nie. Die opdrag en gebod tot naasteliefde is die norm.

Selfliefde word duidelik onderskei van liefde tot God en die naaste, aangesien laasgenoemde albei as *'n opdrag* gegee word, terwyl selfliefde nie 'n opdrag is

nie (Heyns, 1982:248). Enige verwysing na die *gebod om jouself lief te hê* word hiermee as dwaling afgewys.

## 2.5 Geld selfliefde vir die ou natuur of ook die nuwe natuur?

Alhoewel die woorde van Matteus 22:37-40 deur Jesus in besonder aan die Fariseërs gerig is, is dit tog bedoel as 'n algemene uitspraak, veral aangesien dit 'n aanhaling uit die Ou Testament is. Daar kan dus nie gesê word dat selfliefde as veronderstelde feit *net* vir die ou natuur geld nie. Ook in Efesiërs 5:28, 29 word byvoorbeeld bevestig dat selfliefde óók die Christene in Efese kan kenmerk: "So behoort die manne hulle vroue lief te hê soos hulle eie liggame (*sóma*). Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees (*sarx*) gehaat nie." Hier word saam met Stacey (1956:157) aanvaar dat *sarx* in hierdie verse dui op die self (en daarom nie in 'n etiese sin gebruik word nie); dus: niemand het *homself* gehaat nie. Dit is opmerklik dat hierdie selfliefde gestel word in algemene terme, wat ook *universele selfliefde* genoem kan word.

Jesus én Paulus koester en bevorder egter nie hierdie selfliefde nie, maar neem dit as 'n gegewe in elke mens (in die ou én nuwe natuur) om dan vandaar verder na liefde vir ander te beweeg.

By hierdie uitgangspunt word aangesluit in die bespreking van die volgende aspek van selfliefde.

## 2.6 Die krag van selfliefde is behou maar die rigting verander

Jesus bestraf nie hierdie selfliefde in die mens nie; Hy skakel dit ook nie uit nie, maar kanaliseer dit dat dit op die naaste gerig word.

Indien selfliefde in Matteus 22:39 as 'n krag gesien word wat verkeerd gerig is, kan dit vergelyk word met Hebreërs 10:25 waar dieselfde modus gevind word: negatiewe kragte in die gemeente aldaar word positief aangewend (om op mekaar te loer word om na mekaar om te sien, en om mekaar te provokeer word om mekaar aan te spoor); die krag bly, maar die motief verander. By selfliefde bly die krag (of intensiteit), maar die rigting of objek van bevoordeling verander radikaal. "Selfverloëning skakel selfliefde nie uit nie maar stel dit ten dienste aan 'n hoër ideaal" (Heyns, 1982:249).

## 2.7 Samevatting: aspekte van selfliefde volgens in Matteus 22:39

* Die fokus in in Matteus 22:39 val nie op selfliefde nie maar op liefde tot God en die naaste.

* Selfliefde word gevolglik nie hier beoordeel nie.

* Selfliefde is 'n gegewe in die mens ten opsigte van sy ou en nuwe natuur.
* Selfliefde word nie hier genoem om gekoester of bevorder te word nie en beteken nie 'n sanksionering van 'n preokkupasie met die self nie.
* Selfliefde is nie 'n gebod nie en dra geen normatiewe karakter nie.
* Selfliefde word nie verabsoluteer nie maar word juis instrumenteel gemaak aan 'n groter saak: naasteliefde.
* Selfliefde is bedoel as kriterium van die *dat* en die *hoe* van die intensiteit van naasteliefde.
* Selfliefde as 'n gegewe in elke mens openbaar dat in die Christelike lewe die *self* nie uitgeskakel word nie maar instrumenteel betrokke gemaak word.

## 3. Selfliefde in 2 Timoteus 3:2

Die begrip *filautos* (selfliefhebber) kom slegs in hierdie teksvers voor en bied waarskynlik die mees karakteristieke beskrywing van die selfliefhebber as sondaar (en selfliefde as sonde).

### 3.1 Die mense van die eindtyd

Die mense van die eindtyd word die *filautoi* (selfliefhebbers) genoem en selfliefde word hier in 'n sterk negatiewe lig gestel. Hierdie mense is die afvallige mense van die eindtyd (die tyd tussen hemelvaart en wederkoms). Die uitdrukking *mens van die eindtyd* is 'n aanduiding van hoedanigheid eerder as van tyd (Smelink, 1973:113).

Die konteks waarbinne hierdie beskrywing plaasvind, is die konteks van die kerk. Wat in hierdie Skrifgedeelte aangedui word, is die boosheid wat binne die kerk ontwikkel. Die klem val nie op individuele immoraliteit soos in Romeine 1:30 nie, maar Paulus het 'n algemene toestand in gedagte, naamlik veragting van die wet (vgl. Towner, 1994:190-191). Tog word die toestand verbind aan 'n *tipe* mens, en daarom word hier ook nie verwys na die mensdom in die algemeen sonder uitsondering nie (Huther, 1881:294).

Die ingesteldheid van hierdie tipe mens word verder vanuit 2 Timoteus 3:2-4 in die volgende terme beskryf (genommer vir latere verwysing):

1. selfliefhebbers
2. geldgierig
3. grootpraterig
4. trotsaards of verwaand
5. lasteraars – beledigend teenoor die medemens

6. ongehoorsaam aan ouers
7. ondankbaar
8. onheilig of ongodsdienstig
9. sonder natuurlike liefde
10. onversoenlik
11. kwaadsprekers
12. bandeloos
13. wreed
14. sonder liefde vir die goeie
15. verraaiers
16. roekeloos
17. verwaand
18. liefhebbers van genot
19. hulle het die vorm van godsaligheid, maar die krag daarvan kom kort. (Aangehaal uit vss. 2 tot 4.)

Op hierdie punt vind ons 'n vorm van kommentaar oor hierdie mense, waar Paulus aan Timoteus 'n bevel gee om hom aan hulle te onttrek: "Keer jou ook van hierdie mense af weg "(2:5).

Daarna word die volgende van hierdie mense gesê:

* Hulle neem vroue gevange (kry hulle in hulle mag).
* Hulle staan die waarheid teë.
* Hulle is verdorwe (verward) in hulle verstand.
* Hulle is onbetroubaar (misluk) in hulle geloof.

Vele pogings is aangewend om in hierdie lys ondeugde 'n bepaalde struktuur te identifiseer (bv. Kelly, 1963:193), maar dit lyk nie of Paulus enigsins bedoel het om 'n struktuur te gee nie (vgl. Hendriksen, 1976:283). Die klem val eerder op die veelvormigheid van die karakter van hierdie tipe mens (Ridderbos, 1967:219).

## 3.2 Die inhoud en aard van selfliefde

Die woord *filautos* word op die volgende wyse vertaal:

* *liefhebbers van hulleself* (1933/53-vertaling);
* *selfsugtig* (1983-vertaling);
* *selfish love, self-centered love* (Louw & Nida, 1988:I:293);
* *selfish* (Good News Bible).

Louw en Nida (1988:I:293) definieer die begrip só: "pertaining to self-centered love or concern for one's own self".

Ridderbos (1967:219) stel dat hierdie mense liefhebbers van hulleself is en dan noem hy dit 'n *prinsipiële sonde* wat ten grondslag lê aan vele van die ondeugde

in die lys. Dit verklaar ook hierdie mens. Moellering en Bartling (1970:157) noem selfliefde saam met geldliefde die bron in die dieptes van die menslike natuur waaruit 'n vuil vloed opborrel. Towner (1994:192) stel dat selfliefde in vs. 2 die sonde is waaraan al die sonde wat volg, ondergeskik is. Ook Barclay (1975:185) noem dit die basiese sonde waaruit al die ander voortvloei.

Om uit te brei op Ridderbos en ander se argumentasie word die volgende gestel:

- Selfliefde word in 2 Timoteus 3:2 gesien as die *wortelsonde*, waarvan vele van die genoemde ondeugde die *manifestasies* is. Selfliefde is die omvattende noemer (wat waarskynlik om hierdie rede eerste geplaas is). Tog noem Hattingh (1988:1, 2) die aspek van formalisme (3:5) die samevattende tipering alhoewel hy vanuit 'n ander gesigspunt na hierdie lys kyk: nie met die doel om die wortelsonde te onderskei nie.

Dieselfde patroon kom ook voor in twee soortgelyke Skrifgedeeltes, naamlik:

* Romeine 1:29-32 (waar dit oor die natuurlike mens gaan).

* 1 Timoteus 1:9, 10 (waar dit oor die wettelose mens gaan).

Albei hierdie lyste begin met 'n omvattende en grondliggende noemer wat kensketsend is van hierdie tipe mens. Dit wil voorkom of die onderskeie lyste wat dan volg 'n uiteensetting is van hoe hierdie grondliggende saak manifesteer. Dit gaan oor 'n tipe mens wat in sy veelkantigheid, maar ook in sy samehang beskryf word.

In 2 Timoteus 3:2 is *selfliefde* die grondliggende saak (en nie *die mens van die eindtyd* nie, aangesien dit net 'n benaming is en nie eksplisiet karakterbeskrywend is nie). So bevat die lys in 2 Timoteus drie karaktertrekke van die mens van wie selfliefde die wortelsonde is. Dit sou waarskynlik nie korrek wees om alles in hierdie lys as direkte manifestasies (en dus omskrywings) van selfliefde te sien nie, aangesien heelwat aspekte daarvan bloot verbandhoudende karaktertrekke is. Tog kan aanvaar word dat hierdie lys wel 'n beeld bied van die negatiefvormende uitwerking wat selfliefde op die menslike karakter het. Selfliefde is na sy aard dus 'n wortelsonde.

### 3.3 'n Profiel van die selfliefhebber

Selfliefde as wortelsonde manifesteer in die volgende persoonlikheidseienskappe[1]:

---

1 Die nommers verwys na die terme waarmee die mens van die eindtyd beskryf word (kyk die lys onder 3.1)

A. 'n Na binne (op jouself) gerigtheid met die oog op uitsluitlike eiebelang en genot – 'n persoonlikheidstrek wat onder andere blyk uit die volgende:

geldgierigheid (2),
die liefhê van genot (18),
bandeloosheid (12),
roekeloosheid (16).

B 'n Korrupte aard, soos blyk uit die volgende negatiewe eienskappe:

sonder natuurlike liefde (9),
sonder liefde vir die goeie (18),
onheilig/ongodsdienstig (8),
formalisties (19).

C. Selfverheffing – soos blyk uit

grootpraterigheid (3),
trotsheid (4),
ongehoorsaamheid aan ouers (6),
verwaandheid (17).

D. Afbraak van ander (en die verhouding met ander) – soos blyk uit

laster (5),
ondankbaarheid (7),
sonder natuurlike liefde (9),
onversoenlikheid (10),
kwaadsprekery (11),
wreedheid (13),
verraaiers wees (15).

Vier dimensies van selfliefde (A, B, C en D) kan dus hier onderskei word en soos volg aaneengeskakel en geïntegreer word:

- Die selfliefhebber vind die aandrif vir sy optrede in homself, naamlik sy selfsug en die strewe na eie voordeel. Ten spyte van die feit dat hy homself wil verhef, kan hy in homself niks vind wat as grond of substansie daarvoor kan dien nie, aangesien sy na binne gerigtheid 'n korrupte aard ontbloot. Sy selfliefde maak hom egter blind vir sy eie aard en daarom verhef hy homself nogtans hoewel daar geen regverdiging daarvoor is nie. Om die gebrek aan substansie vir hierdie selfverheffing te versluier, is hy arrogant. Hy vind egter 'n (vermeende) grond vir selfverheffing in die relatiewe waarde wat hy aan homself toeken binne die verhouding met ander mense. Om ander mense

egter af te breek beteken dat hy sy eie relatiewe status verhoog. So ontvang sy verhouding met ander 'n antitetiese karakter. Uiteindelik wil die selfliefhebber ook God onttroon.

## 3.4 Verdere perspektiewe op selfliefde

Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat selfliefde 'n totalitêre en lewensoorheersende sonde is (a *life dominating sin*): selfliefde het 'n negatiewe effek op die *hele mens* in al sy funksies en verhoudings.

Selfliefde lei tot 'n verwaarlosing van verpligtinge teenoor God en die naaste en stuur uiteindelik daarop af dat God en naaste aktief kwaad aangedoen word. Selfliefde ontketen 'n dinamika wat daarop gemik is om goddelike en menslike verhoudings te vernietig as gevolg waarvan gehoorsaamheid aan God en die betoon van weldade aan die naaste onmoontlik word. Uiteindelik is selfliefde daarop gemik om God te onttroon ten einde *die self* op die troon te plaas.

Hierdie tipe selfliefde word terminologies uitgedruk in 'n verbinding van *filos* en *aútos*. Die vyfledige herhaling van *filos*-verbindings in 2 Timoteus 3:2 is sprekend van die feit dat die liefde as *natuurlike geneigdheid en aandrif* aanwesig is, maar totaal verkeerd gerig is. Die ware sentrum van die lewe en die ware objek van liefde het verander: die self het in die plek van God gekom.

## 3.5 Samevatting: aspekte van selfliefde volgens 2 Timoteus 3:2

* Selfliefde is 'n natuurlike aandrif op grond waarvan 'n persoon op homself gerig is: die liefdesobjek is dus verkeerd.

* Hierdie selfliefde het een of ander vorm van selfbevoordeling en die najaag om die eie behoeftes te bevredig as motief.

* Selfliefde manifesteer in die afbreek van verhoudings en die afbreek van die ander partye binne hierdie verhoudings (wat die poging tot die onttroon van God insluit).

* Selfliefde kan beskou word as 'n wortelsonde waaraan alle ander vorme van sonde ondergeskik is. Ook kan selfliefde gesien word as 'n lewensoorheersende sonde, wat 'n uitwerking het op die mens in die totaliteit van sy bestaan.

* Die persoon wat homself op hierdie wyse liefhet, vertoon die volgende eienskappe (hierdie beskrywing kan ook as die stadia van selfliefde op sy pad na volle manifestasie gesien word):

- Die selfliefhebber kyk na binne en laat hom lei deur eiebelang en genot (vgl. A hierbo).
- Hy vertoon 'n korrupte aard (vgl. B hierbo).
- By gebrek aan enigiets beter in homself draai hy na buite in ongegronde selfverheffing (vgl. C hierbo).
- Hierdie houding loop uit op die afbreek van ander (vgl. D hierbo).

# 4. Samevatting: selfliefde in die Skrif

## 4.1 Die twee soorte selfliefde

In hierdie afdeling word gepoog om 'n antwoord te bied op die vraag: Hoe sien die Skrif selfliefde? Selfliefde kan volgens die Skrif tweeledig gesien word:

* Selfliefde kan enersyds gesien word as 'n korrupte en negatiewe verskynsel wat beskryf kan word as 'n sterk aandrif – met die bevrediging van eie behoeftes en selfbevoordeling as oogmerk. Hierdie tipe selfliefde is lewens-oorheersend en is ten opsigte van verhoudings destruktief (met *filéo* beskryf).

* Andersyds kan selfliefde gesien word as 'n aanvaarde gegewe in elke mens (met *agapáo* beskryf). Vanuit hierdie aanname moet verder beweeg word na liefde tot God en (*in casu*) liefde tot die naaste. Hierdie vorm van selfliefde gee 'n intense en persoonlike karakter aan naasteliefde en bied nie 'n sanksie tot preokkupasie met die self nie.

## 4.2 *Agapáo* en *filéo*

Twee verskillende woorde (*filéo* en *agapáo*) word gebruik om selfliefde in die Skrif te beskryf:

* *Agapáo* (in Matt. 22:39 gebruik) is baie meer prominent in die Bybel as in buite-Bybelse gebruik en is daarom 'n begrip wat hoofsaaklik 'n eie en spesifiek Bybelse betekenis het (Stauffer, 1969:35-55), terwyl *filéo* (in 2 Tim. 3:2 gebruik) in die Bybel in prominensie min of meer ooreenstem met buite-Bybelse gebruik.

* *Agapáo* word gebruik om liefde as 'n daad aan te dui – spesifiek 'n gee-aksie, soos wat dit gegrond is in Christus se selfoffer, terwyl *filéo* 'n meer natuurlike geneigdheid impliseer (Vine, 1985:382; Louw & Nida, 1988:1:257; Stählin, 1974:IX:128-138).

Bogenoemde onderskeiding verwys na die mees algemene gebruik van *agapáo*, en *filéo* word nie kategories gestel nie, aangesien die betrokke werkwoorde

verskillende betekenisnuanses het en binne sekere gebruiksvariasies nie hierdie onderskeid toon nie. (Die twee begrippe behoort dus semanties sinchronies gehanteer te word.) Dit is nogtans opmerklik dat dieselfde woord (*agapáo*) wat vir Christus-liefde gebruik word, ook gebruik word vir die natuurlike liefde in die mens wat instrumenteel is tot die verwerkliking van Christus-liefde in die gelowige. *Agapáo* gee duidelik 'n bepaalde gevoelswaarde aan die selfliefde van Matteus 22:39. Daarteenoor word die begrip *filéo* in 2 Timoteus 3:2 gebruik vir sondige selfliefde. *Filéo* gee ook aan selfliefde 'n gevoelswaarde aangesien *filéo* normaalweg 'n natuurlike (m.b.t. die ou natuur) geneigdheid of vleeslike aandrif as grond het.

## 4.3 Dimensies van die selfliefde

Die volgende drie dimensies word onderskei:

* *Die dimensie van die aandrif*: By die selfliefhebber setel die aandrif in die self, en wel in 'n sondige grondhouding waarin groot waarde geheg word aan bevrediging van eie behoeftes en bevoordeling.

* *Die relasionele dimensie*: Selfliefde lei in die een geval (Matt. 22:39) tot gehoorsaamheid aan die gebod om liefde tot (God en) die naaste te bewys met die regte intensiteit en binne die regte persoonlike verhouding. Selfliefde lei in die ander geval (2 Tim. 3:2) tot die afbreek van sowel die horisontale as vertikale verhoudings.

* *Die dimensie van die konsekwensie*: Die uiteindelike konsekwensie van selfliefde wat binne die self verabsoluteer is, is selfvernietiging (Joh. 12:25).

## 4.4 Selfliefde en die self

Selfliefde (in sterk onderskeiding van preokkupasie van die self en 'n geneigdheid tot selfverabsolutering) as gegewe in elke mens openbaar dat in die Christelike lewe die *self* nie uitgeskakel word nie – die self is en bly instrumenteel betrokke. Die aflê van selfliefde beteken nie om in 'n onpersoonlike en gesiglose lewe (waarin die self nie bestaan nie) in te tree nie. God handhaaf die self, en het juis hiervoor sy Seun aan die kruisdood oorgegee. Die begrip *selflose optrede* behoort dus met reserwe gebruik te word.

Hierdie waarde wat aan die self toegeken word, bring mee dat elke mens noodwendig in 'n verhouding met homself staan (intra-persoonlike verhouding). Hierdie verhouding mag egter nie verabsoluteer word nie. Elke mens toon ook 'n selfgerigtheid: ook die gelowige kyk na homself (na binne gerigtheid – vgl. 1 Tim. 4:16; Hand. 20:28; 2 Kor. 13:5) maar dan met die doel om die nakoming van eie verantwoordelikheid te ondersoek, eerder as om te soek om eie drifte en ydele begeertes te bevredig. 'n Kritiese oog word op die self gerig maar 'n oog

van bevoordeling op die naaste. Selfgerigtheid behoort ook die vernuwende werk van die Heilige Gees in die self raak te sien.

## 5. Enkele perspektiewe op selfliefde met die oog op gebruik daarvan in die pastoraat

Benewens alle sake wat tot hiertoe genoem is en vir die pastoraat bruikbaar is, word die volgende aspekte spesifiek genoem. Die eerste aspek (5.1) is diagnosties terwyl die res (5.2 ev.) remediërend bedoel is.

### 5.1 Onderkenning van selfliefde

Die aanvangsoogmerk by pastorale bediening behoort sterk te fokus op die onderkenning van 'n sondige selfliefde as (primêre) determinant van gedrag. Die onderskeiding wat in 4.1 genoem is, behoort duidelik in gedagte gehou te word. Sondige selfliefde kan aan die hand van die vierdimensionele profiel van die selfliefhebber onderken word deur in besonder te let op die volgende.

* Selfbevredigende (singenot, wellus) en selfbevoordelende (selfsug, eiesinnigheid) motiewe; dus 'n sterk en sondige na binne gerigtheid. Hou egter in gedagte dat daar ook 'n deugdelike na binne gerigtheid is, soos in 4.4 gestel is.

* 'n Korrupte aard sonder 'n gesonde en Bybelse waardesisteem. Iemand wat sodanige aard het, is onewewigtig in sy oordele en smake. Op godsdiensige terrein sal so 'n ingesteldheid en aard veral in formalisme manifesteer.

* 'n Selfverheffende lewenstyl wat gekenmerk word deur uitgesproke en gewaande grootheid, opgeblasenheid en eersugtigheid.

* 'n Interpersoonlike verhoudingstyl wat gekenmerk word deur die (dikwels subtiele) afbreek van die ander party, dus: 'n konflikmens.

### 5.2 Die verkeerde grondhouding

Vir die pastoraat is die volgende belangrik:

Die sondige selfliefhebber is vasgevang in 'n verkeerde grondhouding, ongeag die mate waarin dit manifesteer. Hy is op die verkeerde pad, ongeag hoe ver hy op die pad gevorder het. Die klem in die pastoraat kan nie bloot op die graad van selfliefde val nie – om dit dan so laag as moontlik te hou nie. Die klem moet eerder daarop val dat die selfliefhebber 'n ander weg moet betree. Hierdie beklemtoning onderstreep die radikale aard van die Skriftuurlike bekeringsproses wat geëis word. Al manifesteer selfliefde in 'n baie geringe mate in 'n persoon se

lewe, moet hy daarop gewys word dat dit 'n wortelsonde is waarvan die uiteindelike oogmerk die onttroon van God in sy lewe is.

## 5.2 Die relasionele konteks as *locus* van manifestasie

In die pastorale bediening behoort dit in gedagte gehou te word dat selfliefde 'n krag is wat 'n verhouding óf kan breek óf bou. Die aspek van selfverhoging en selfhandhawing is hier belangrik. Die selfliefhebber tree in 'n verhouding in waar hy die ander party verneder (minag, verag, manipuleer, kritiseer) om sodoende sy eie relatiewe status te verhoog. Hy is dus afhanklik van interpersoonlike verhoudings aangesien selfverhoging nie in 'n vakuum kan geskied nie: dit kry alleen binne 'n verhouding 'n relatiewe waarde. Die selfliefhebber vergelyk homself gevolglik graag met ander. Hierteenoor gebied die Skrif selfverloëning (Luk. 9:23; Ef. 5:21; Fil. 2:3, 4). Die dinamika van selfliefde wat gebruik word om naasteliefde te intensiveer, behoort 'n belangrike aspek in die remediëring te wees, soos hieronder uiteengesit sal word

## 5.3 Selfliefde en die intrapersoonlike verhouding

Dit is waarskynlik die grootste uitdaging vir die pastorale bediening, en ook die kernmoment in die remediëringsfase, om selfliefde te verander van 'n doel na 'n instrument. Piper se parafrase van Jesus se woorde (vgl. 2.2) kan as 'n konkrete demonstrasie dien van die wyse waarop selfliefde as instrument funksioneer en hierdie parafrase kan *mutatis mutandis* tydens die pastorale gesprek gebruik word. In die pastorale proses moet die self uit die sfeer van selfverabsolutering na die sfeer van heiligmaking gebring word. Binne die parameters van so 'n proses word die self behou, en ook die selfliefde bly; die self en selfliefde bly egter nie as doel nie maar as instrument. Die norm en einddoel verskuif na buite die self.

Indien hierdie verskuiwing nie plaasvind nie kan dit maklik gebeur dat 'n persoon se verhouding met homself opgaan in 'n sondige selfpreokkupasie. Aangesien selfliefde by almal aanwesig is en as 'n natuurlike geneigdheid maklik kan groei, moet daarteen gewaak word dat selfliefde 'n doel word (of bly) eerder as 'n instrument. 'n Gelowige behoort nie vasgevang te word in die self en in die verhouding met die self nie. Sy lewe behoort ook nie daardeur in beslag geneem te word nie. 'n Gelowige is juis iemand wat na homself kyk met die oog op selfrealisering (die nakom van verantwoordelikhede onder verskillende omstandighede) en selfaktualisering (volle ontplooiing van potensiaal en gawes). Tog kyk die gelowige nooit met 'n oog van selfbevoordeling, selfverheffing of selfhandhawing (die Skrif gebied selfverloëning) nie. Dan word selfliefde 'n doel binne die persoon en is dit nie 'n instrument wat 'n doel buite die persoon dien nie. Dan word hy slagoffer van sy veroweringslus en gevangene van sy begeerte (Heyns, 1982:247).

## 5.4 Die vertikale dimensie en pastorale mikpunt

Uiteindelik is bevryding van selfliefde, met al die destruktiewe gevolge daarvan, alleen moontlik binne 'n vertikale verhouding. Dit bring mee dat die pastor self vanuit 'n vertikale verhouding bedien (dit behoort sy norm en motief te bepaal). Daarby behoort die pastor ook die persoon wat bedien word in 'n verhouding met die Drie-enige God intrek (die modus hiervan sou 'n aparte artikel regverdig). Die persoon wat bedien word, vind heel eerste sy aandrif tot naasteliefde binne die vertikale dimensie.

Die vertikale dimensie is belangrik in die lig van die feit dat grondige lewensvernuwing en radikale gedragsverandering die mikpunt van pastorale aktiwiteit is. Wat hierdie aspek betref, word verwys na die teleïtiewe model van Louw (1993:xiii) wat ook deur De Jager (1989:66) opgeneem is en wat aanvanklik deur Firet (1988) in sy proefskrif uitgewerk is. Firet noem die teleïtiewe model *'n agogiese moment*. Aangesien gedragsverandering nooit neutraal kan wees of ongekwalifiseerd kan geskied nie, moet daaraan ook 'n spesifieke rigting gegee word. Louw (1993:xiii) doen dit treffend deur te stel dat gedragsverandering as oogmerk het om 'n persoon gereed te maak om voor God te verskyn en *coram Deo* te leef.

## 5.5 Posisie en houding van die pastor

In die lig van die prominente plek wat *selfverheffing* binne die manifestering van selfliefde inneem, word die volgende gestel.

Ten opsigte van hierdie aspek gaan dit oor 'n posisiekeuse van die pastor waardeur hy vir homself 'n staanplek verkry teenoor die mens wat hy pastoraal wil bedien. Hierdie staanplek gaan die houding (of gesindheid) van die pastor bepaal en sy gesindheid behoort as voorbeeld 'n instrument te wees om selfliefde teen te werk. Die rol van 'n voorbeeld *lewe* mag nie onderskat word nie (vgl. 1 Pet. 5:3).

'n Pastor kan in sy verhouding tot ander geneig wees om sy staanplek te laat bepaal deur sy meerdere kennisstatus of 'n moontlike selfverheffingsdrang. Op hierdie wyse kan hy homself *bo* die ander persoon ag. Die Skriftuurlike korrektief hierop is om jou staanplek te sien as nie *langs* die ander persoon nie, maar *onder* die ander persoon (Fil. 2:3; Ef. 5:21; Luk. 22:24-30; Joh. 13:14-16). Om kind te word (vgl. Matt. 18:1-4), is 'n manier waarop die pastor plek maak vir Christus. 'n Nederige houding by die pastor verseker 'n pastorale verhouding wat 'n ontmoeting waarborg (vgl. Venter, 1976:252). Hierdie ontmoeting op horisontale vlak is instrumenteel om uiteindelik 'n ontmoeting op vertikale vlak te bewerk.

Dan behoort dit ook duidelik te blyk dat die pastor se gesag nie in homself setel nie. Sy gesag setel in sy roeping, sending en die inhoud van sy bediening as synde 'n Goddelike gesag. Waar 'n sondige selfliefde by die pastor aanwesig is, kan 'n outoritêre houding en optrede maklik ontstaan. Hierteenoor stel De Jager (1989:61): "Die versoening in Christus laat nie ruimte vir selfverheffing en meerderwaardigheid nie". Teenoor 'n outoritêre optrede wat afgewys word, word die begrippe *leiding gee* en *begeleiding bied* gestel. Die pastor moet ook leer om te kommunikeer en nie te manipuleer nie (vgl. Du Toit, 1989:36). Selfs konfrontasie sal dan 'n vertikale konfrontasie wees en kommunikasie 'n vertikale kommunikasie.

## 6. Slot

Die begrip *selfliefde* in die Skrif in nie 'n *terminus technicus* wat as sodanig ondersoek kan word nie. Die *konsep* selfliefde figureer wel duidelik en die resultaat van die ondersoek hiema het die volgende opgelewer.

Selfliefde word in 'n tweeërlei sin gebruik:

* Selfliede as 'n natuurlike en aanvaarde gegewe in gelowiges én ongelowiges – 'n gegewe wat gebruik word as instrument om nader te beweeg aan konkrete en persoonlike naasteliefde.

* Selfliefde as 'n sondige en sterk afkeurenswaardige verskynsel as deel van 'n korrupte samestelling van selfsug en selfbevoordeling. In hierdie opsig word selfliefde 'n instrument wat verhoudings afbreek.

Aan die pastorale bedienaar bied die feit dat selfliefde sterk aanwesig is en destruktief manifesteer, die dwingende uitdaging om selfliefde te verander van doel na instrument. Sodoende word 'n potensieel destruktiewe krag kreatief aangewend. Die vrug van hierdie pastorale aktiwiteit behoort te wees dat naasteliefde oorheers en self-preokkupasie sodoende uitgedryf word. Ook behoort self-preokkupasie vervang te word met *naaste*-preokkupasie.

## Literatuurlys

ADAMS, J.E. 1978. Lectures on counseling. Grand Rapids, Michigan : Baker.

ADAMS, J.E. 1983. Solving marriage problems. Biblical solutions for Christian counselors. Philipsburg, New Jersey : Presbyterian & Reformed.

ADAMS, J.E. 1986. The biblical view of self-esteem, self-love, self-image. Eugene, Oregon : Harvest House.

BARCLAY, W. 1975. The letters to Timothy, Titus and Philemon. Edinburgh : The Saint Andrew Press.

BETTLER, J. 1984. Gaining an accurate self-image – part II. (*In* Adams, J.E. *The Journal of Pastoral Practice*, 7(1):41-50.)

DE JAGER, J.J. 1989. Kommunikasievaardighede: teologies beoordeel. (*In* Smuts, A.J. Predikant en pastorale praktyk. Pretoria, Kaapstad : Academia. p. 59-68.)

DU TOIT, S.I. 1989. Interpersoonlike vaardighede. (*In* Smuts, A.J. *red.* Predikant en pastorale praktyk. Pretoria : Academia. p. 36-58.)

FIRET, J.J. 1988. Het agogisch moment in het pastorale optreden. Kampen : Kok.

HATTINGH, C. 1988. Óf gemeenskap met God, óf formalisme – vir Bybelstudie en toerusting van ouderlinge en diakens. Pretoria : V&R Drukkery.

HENDRIKSEN, W. 1976. New Testament commentary. I & II Timothy & Titus. Edinburgh. The Banner of Truth.

HEYNS, J.A. 1974. Die mens. Bybelse en buite-Bybelse mensbeskouing. Bloemfontein : Sacum.

HEYNS, J. 1982. Teologiese etiek. Deel 1. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

HOEKEMA, A.A. 1979. The Christian looks at himself. Grand Rapids, Michigan : Eerdmans.

HUTHER, J.E. 1881. Critical and exegetical handbook on the epistles of St. Paul to Timothy and Titus. Edinburgh : Clark.

KELLY, J. 1963. A commentary on the pastoral epistles. London : Adam & Charles Black.

LLOYD-JONES, D.M. 1975. Life in the Spirit in marriage, home & work. An exposition of Ephesians 5:18 to 6:9. Edinburgh : The Banner of Truth.

LOUW, D.J. 1989. Gesinsverryking – riglyne vir groei en kommunikasie. Pretoria, Kaapstad : Academia.

LOUW, D.J. 1993. Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Pretoria : RGN.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. 2 dle. New York : United Bible Societies.

MOELLERING, H.A. & BARTLING, V.A. 1970. 1 Timothy, 2 Timothy, Titus, Philemon – Concordia commentary. St. Louis, London : Concordia.

PIPER J. 1977. Is self-love biblical? *Christianity Today*, 11: 6-9, Aug. 17.

RIDDERBOS, H. 1967. De pastorale brieven. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen : Kok.

SCIPIONE, G.C. 1989. Self-esteem is sweeping over America. *The Journal of Pastoral Practice*, 9(1):26-37.

SMELINK, E.L. 1973. De brieven van Paulus aan Timotheüs, Titus en Filémon – De wegen der Kerk. Nijkerk : Callenbach.

STACEY, W.D. 1956. The Pauline view of man. London : Macmillan.

STÄHLIN, G. 1974. *fileo*. (*In* Kittel, G. Theological dictionary of the New Testament, IX:128-138.)

STAUFFER, E. 1969. *agapao*. (*In* Kittel, G. Theological dictionary of the New Testament, 1:35-55.)

TOWNER, P.H. 1994. 1, 2 Timothy & Titus. Leicester : InterVarsity.

TROBISCH, W. 1976. Love yourself – self-acceptance and depression. Baden-Baden : Editions Trobisch.

VAN WYK, J.H. 1983. Calvyn oor die Christelike lewe. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

VENTER, C.J.H. 1976. Die bediening van die versoening aan die bejaarde: 'n Pastorale studie in die lig van die pastorale briewe. Potchefstroom : Pro Rege.

VINE, W.E. 1985. An expository dictionary of biblical words. (One Volume Edition.) Nashville : Thomas Nelson.